## 17 September — Psalm 11 (11:1)

### *Skuil by die Here*

In die alledaagse lewe is dit normaalweg nie nodig om na skuilplek te soek nie. Maar as die oorlogsirenes loei, die koeëls om jou fluit en 'n vyand jou bedreig dan soek jy dringend na 'n veilige skuilplek. As die angs en benoudheid vanweë 'n gevaar jou beetpak is dit verstaanbaar dat jy dringend na skuilplek sal soek. In die lewe van koning Dawid het dit meermale so gegaan. As die vyand hom bedreig dan sê sy raadgewers vir hom: "vlug na die berge soos 'n voël!" Wanneer gevaar dreig het 'n voël sy koers gekies na die beskerming van die rotse en die hoë kranse van die berge. Daar kon die jagter hom nie kry nie. Dieselfde raad word vir Dawid gegee: "vlug weg!" Standvastig in die geloof weier Dawid om te vlug. Hy bely deur die geloof: Ek skuil by God! Wie by die Here skuil vind veiligheid en beskerming want Hy is die almagtige, Skepper van alle dinge. God is in staat om jou in alles te bewaar en te beskerm. Vir God gaan dit veral om jou ewige beskerming en 'n ewige skuilplek as die Satan en sy magte jou as prooi vir die ewige dood wil jag. Skuiling is by God alleen te vind deur Jesus Christus. God keer nie in alle gevalle die aardse nood en liggaamlike bedreiginge nie. Hy beskerm jou vir jou ewige bestemming van die duiwelse magte wat jou van God wil vervreem.

Sing: Psalm 91:1, 5 — Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)